



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT
VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2377

Registered at the Post Office as a Newspaper

PRICE 20c PRYS
OVERSEAS 30c OORSEE
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 2377

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Vol. 136]

PRETORIA, 1 OCTOBER 1976
1 OKTOBER

No. 5304

GOVERNMENT NOTICE

**DEPARTMENT OF SOCIAL WELFARE
AND PENSIONS**

No. R. 1801 1 October 1976
REGULATIONS UNDER THE MILITARY PENSIONS
ACT, 1976

By virtue of the powers vested in me by section 23 of the Military Pensions Act, 1976 (Act 84 of 1976), read with section 21 (1) (c) of the Republic of South Africa Constitution Act, 1961 (Act 32 of 1961), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Deputy Minister of Social Welfare and Pensions, hereby make the regulations set out in the Schedule hereto.

T. N. H. JANSON, Deputy Minister of Social Welfare and Pensions.

**SCHEDULE
REGULATIONS**

Definitions

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates—

“appellant” means a member or a volunteer who notes an appeal against the decision of the Secretary in terms of section 14 (1) of the Act;

“applicant” means a person who applies for a pension or gratuity in terms of the provisions of the Act;

“pensioner” means a person receiving a pension or a consolidated pension in terms of the Act;

“president” means a person referred to in section 16 (2) (a) of the Act;

“the Act” means the Military Pensions Act, 1976 (Act 84 of 1976);

“volunteer” means a person referred to in section 21 (2) (b) of the Act,

and any word to which a meaning has been assigned in the Act, shall have that meaning.

Application for a pension or a gratuity

2. (1) An application for a pension or a gratuity shall, after the applicant has declared the information furnished therein to be true and correct to the best of his knowledge and belief, be signed by him in the presence of a commissioner of oaths and submitted to the Secretary.

52663—A

GOEWERMENSKENNISGEWING

**DEPARTEMENT VAN VOLKSWELSYN EN
PENSIOENE**

No. R. 1801 1 Oktober 1976
REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP MILITÊRE
PENSIOENE, 1976

Kragtens die bevoegdheid my by artikel 23 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976 (Wet 84 van 1976), verleen, gelees met artikel 21 (1) (c) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1961 (Wet 32 van 1961), vaardig ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Adjunk-minister van Volkswelsyn en Pensioene, hierby die regulasies in die bygaande Bylae vervat, uit.

T. N. H. JANSON, Adjunk-minister van Volkswelsyn en Pensioene.

**BYLAE
REGULASIES**

Woordomskrywing

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken

“appellant” ’n lid of vrywilliger wat ingevolge artikel 14 (1) van die Wet teen die beslissing van die Sekretaris appèl aanteken;

“applikant” iemand wat ingevolge die bepalings van die Wet om ’n pensioen of ’n gratifikasie aansoek doen;

“die Wet” die Wet op Militêre Pensioene, 1976 (Wet 84 van 1976);

“pensioentrekker” iemand wat ’n pensioen of gekonsolideerde pensioen ingevolge die Wet ontvang;

“president” iemand in artikel 16 (2) (a) van die Wet bedoel;

“vrywilliger” iemand in artikel 21 (2) (b) van die Wet bedoel,

en het ’n woord waaraan daar ’n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis.

Aansoek om ’n pensioen of ’n gratifikasie

2. (1) ’n Aansoek om ’n pensioen of ’n gratifikasie moet, nadat die applikant verklaar het dat die inligting daarin verstrek na sy wete en oortuiging waar en juis is, deur hom voor ’n kommissaris van ede onderteken en by die Sekretaris ingedien word.

5304—1

(2) Any application for a pension or a gratuity shall contain full particulars of and information on the military service of the member or the volunteer concerned, his dependants and the disability which was caused or aggravated by the military service of such member or volunteer.

(3) Any application for a pension or a gratuity shall be accompanied by—

(a) in the case of a married member or volunteer, the marriage certificate of such member or volunteer;

(b) the birth certificate or baptismal certificate of each of the dependent children of the member or the volunteer concerned, or, if the applicant is unable to produce such birth certificate or baptismal certificate, by such other documentary evidence of each child's date of birth as the Secretary may deem fit; and

(c) documentary proof of the military service of the member of the volunteer to which the application refers.

Payment of pensions and consolidated pensions

3. (1) Pensions and consolidated pensions shall be paid monthly at such times and places and in such manner as the Secretary may determine from time to time in general or in a specific case.

(2) Subject to the provisions of subregulation (3)—

(a) each pensioner shall take receipt in person of the pension or consolidated pension payable to him and furnish a receipt under his signature or mark in respect of the amount so received;

(b) the pension or consolidated pension may on request of the pensioner concerned be paid to his credit into his account at a banking institution, as defined in section 1 of the Banks Act, 1965 (Act 23 of 1965), or at a building society, as defined in section 1 of the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965).

(3) (a) If a pensioner is unable to take receipt in person of a pension or consolidated pension payable to him at a post office, the pension or consolidated pension may, on production of an authority, in writing, by such pensioner, duly signed in the presence of two witnesses, be paid out to a person named in such authority.

(b) An authority referred to in paragraph (a) may be issued for a specified or unspecified period and may at any time be withdrawn by the pensioner by whom it was granted.

(c) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the Secretary may, if he is of the opinion that sound reasons therefor exist, order that the pension or consolidated pension to which the authority has reference, not be paid out to the person named in such authority.

(4) The provisions of subregulation (2) (a) shall apply *mutatis mutandis* to a person to whom a pension or consolidated pension is paid out in accordance with an authority granted in terms of subregulation (3) (a).

Right of appeal

4. A medical appeal board or the appeal tribunal may, if it is of the opinion that sound reasons therefor exist, condone the late submission of an appeal in terms of section 14 (2) of the Act.

Medical Appeal Board

5. (1) The time and place for the consideration of an appeal in terms of section 14 (1) (a) of the Act shall be determined by the Secretary after consultation with the medical appeal board concerned.

(2) 'n Aansoek om 'n pensioen of 'n gratifikasie moet volledige besonderhede en inligting bevat betreffende die betrokke lid of vrywilliger se militêre diens, sy afhanklikes, en die ongeskiktheid wat deur die militêre diens van sodanige lid of vrywilliger veroorsaak of vererger is.

(3) 'n Aansoek om 'n pensioen of 'n gratifikasie moet vergesel gaan—

(a) in die geval van 'n lid of vrywilliger wat getroud is, van die huweliksertifikaat van sodanige lid of vrywilliger;

(b) van die geboortesertifikaat of doopseël van elkeen van die betrokke lid of vrywilliger se afhanklike kinders, of, indien die applikant nie in staat is om sodanige geboortesertifikaat of doopseël voor te lê nie, van sodanige ander dokumentêre bewys van iedere kind se geboortedatum as wat die Sekretaris goetvind; en

(c) van dokumentêre bewys van die militêre diens van die lid of vrywilliger, waarop die aansoek betrekking het.

Betaling van pensioene en gekonsolideerde pensioene

3. (1) Pensioene en gekonsolideerde pensioene word maandeliks, op die tye en plekke en op die wyse wat die Sekretaris van tyd tot tyd in die algemeen of in 'n bepaalde geval bepaal, betaal.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (3)—

(a) moet iedere pensioentrekker die pensioen of gekonsolideerde pensioen aan hom betaalbaar, persoonlik in ontvangs neem en 'n kwitansie onder sy handtekening of merk ten opsigte van die bedrag aldus ontvang, verstreëk;

(b) kan die pensioen of gekonsolideerde pensioen op versoek van die betrokke pensioentrekker tot sy krediet regstreeks, op sy rekening by 'n bankinstelling soos omskryf in artikel 1 van die Bankwet, 1965 (Wet 23 van 1965), of by 'n bouvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965), inbetaal word.

(3) (a) Indien 'n pensioentrekker nie in staat is om die pensioen of gekonsolideerde pensioen wat aan hom by 'n poskantoor betaalbaar is, persoonlik in ontvangs te neem nie, kan die pensioen of gekonsolideerde pensioen by voorlegging van 'n skriftelike magtiging deur die pensioentrekker, behoorlik in aanwesigheid van twee getuies onderteken, aan 'n persoon in die magtiging vermeld, uitbetaal word.

(b) 'n Magtiging in paragraaf (a) bedoel, kan vir 'n bepaalde of onbepaalde tydperk uitgereik word en kan ter eniger tyd deur die pensioentrekker deur wie dit verleen is, ingetrek word.

(c) Ondanks andersluidende wetsbepalings, kan die Sekretaris, indien hy oortuig is dat daar goeie redes daarvoor bestaan, gelas dat die pensioen of gekonsolideerde pensioen waarop die magtiging betrekking het nie aan die persoon in die magtiging vermeld, uitbetaal word nie.

(4) Die bepalings van subregulasie (2) (a) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n persoon aan wie 'n pensioen of gekonsolideerde pensioen ooreenkomstig 'n magtiging kragtens subregulasie (3) (a) verleen, uitbetaal word.

Reg van appèl

4. 'n Mediese appèlraad of die appèltribunaal kan, indien hy oortuig is dat daar goeie redes daarvoor bestaan, die laat indiening van 'n appèl ingevolge artikel 14 (2) van die Wet, kondoneer.

Mediese Appèlraad

5. (1) Die tyd en plek vir die oorweging van 'n appèl ingevolge artikel 14 (1) (a) van die Wet word deur die Sekretaris na oorlegpleging met die betrokke mediese appèlraad bepaal.

(2) The Secretary, with the concurrence of the Secretary to the Treasury, shall determine the remuneration to be paid to members of a medical appeal board.

(3) The provisions of subregulation (2) shall *mutatis mutandis* apply to a member of a medical appeal board nominated by an appellant in terms of section 15 (2) of the Act.

Military Pensions Appeal Tribunal

6. (1) Any person appointed to a member of the appeal tribunal in terms of section 16 (1) of the Act shall hold office for the period determined by the Minister, but not exceeding five years.

(2) If a member of the appeal tribunal dies or vacates his office before the termination of the period for which he has been appointed, the Minister shall fill the vacancy by the appointment of some other person, who shall hold office for the unexpired portion of the period for which his predecessor was appointed.

(3) A member of the appeal tribunal whose period of office has expired shall be eligible for re-appointment.

Procedure for hearing of appeal by the Military Pensions Appeal Tribunal

7. (1) The time and place for the consideration of an appeal in terms of section 14 (1) (b) of the Act shall be fixed by the Secretary after consultation with the president of the appeal tribunal.

(2) The Secretary shall notify the appellant in writing of the date and place fixed for considering his appeal.

(3) The appellant or a person appointed by him to be his representative, may, with the approval of the president and at the expense of the appellant, be allowed to attend the proceedings of the appeal tribunal at which his appeal is considered and he or his representative may question or cross-question any witness.

(4) The president may—

(a) authorise any person to be present during the consideration of an appeal to lead evidence in support of or in refutation of the appeal;

(b) put any person appearing before the appeal tribunal to give evidence or to produce any book or document which relates to the appeal, on oath or take an affirmation from such person;

(c) direct that a person who, in his opinion, has no direct interest in the appeal in question, shall leave the place where such appeal is considered.

(5) The appeal tribunal may, after having considered all the evidence concerning an appeal, adjourn to consider its verdict in private.

(6) Any person authorised thereto by the Secretary shall keep proper minutes of the proceedings of the appeal tribunal.

(7) The decision of the majority of the members of the appeal tribunal shall be the decision of the appeal tribunal.

(8) The Secretary shall notify the appellant in writing of the outcome of his appeal.

Notice to appellant or witnesses to appear before medical appeal board

8. (1) The Secretary may, in the case of an appeal referred to in section 14 (1) (a) of the Act, notify an appellant or any person who is in possession of information relating to an appeal, to appear before a specified medical appeal board to give evidence or to submit any book, note or document relating to the appeal to the said medical appeal board.

(2) A notice referred to in subregulation (1) shall be given in the form determined by the Secretary, and such notice shall be forwarded to the appellant or witness,

(2) Die Sekretaris, met die instemming van die Sekretaris van die Tesourie, bepaal die vergoeding wat aan lede van 'n mediese appèlraad betaal word.

(3) Die bepalings van subregulasie (2) is *mutatis mutandis* van toepassing op 'n lid van 'n mediese appèlraad wat ingevolge artikel 15 (2) van die Wet deur 'n appellant benoem word.

Militêre Pensioene-appèltribunaal

6. (1) Iemand wat ingevolge artikel 16 (1) van die Wet aangestel is as 'n lid van die appèltribunaal, beklee sy amp vir die tydperk wat die Minister bepaal, maar hoogstens vyf jaar.

(2) Indien 'n lid van die appèltribunaal te sterwe kom of sy amp ontruim voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy aangestel is, vul die Minister die vakature deur die aanstelling van 'n ander persoon, wat die amp beklee vir die onverstreke gedeelte van die tydperk waarvoor sy voorganger aangestel was.

(3) 'n Lid van die appèltribunaal wie se ampstermyn verstryk het, kan weer aangestel word.

Prosedure vir verhoor van appèl deur die Militêre Pensioene-appèltribunaal

7. (1) Die tyd en plek vir die oorweging van 'n appèl ingevolge artikel 14 (1) (b) van die Wet word deur die Sekretaris na oorlegpleging met die president van die appèltribunaal bepaal.

(2) Die Sekretaris stel die appellant skriftelik in kennis van die datum en plek wat vir die oorweging van sy appèl bepaal is.

(3) Die appellant of iemand deur hom aangewys as sy verteenwoordiger, kan met die goedkeuring van die president en op koste van die appellant, toegelaat word om die verrigtinge van die appèltribunaal waarby sy appèl oorweeg word, by te woon, en hy of sy verteenwoordiger kan enige getuie ondervra of kruisvra.

(4) Die president kan—

(a) enige persoon magtig om tydens die oorweging van 'n appèl teenwoordig te wees om getuienis ter stawing of weerlegging van die appèl aan te voer;

(b) aan iemand wat voor die appèltribunaal verskyn om getuienis af te lê of om 'n boek of dokument wat op die appèl betrekking het, voor te lê, 'n eed ople of 'n bevestiging van hom neem;

(c) gelas dat iemand wat na sy oordeel geen regstreekse belang by die betrokke appèl het nie, die plek waar sodanige appèl oorweeg word, verlaat.

(5) Die appèltribunaal kan, nadat hy al die getuienis in verband met 'n appèl oorweeg het, verdaag en sy uitspraak agter geslote deure oorweeg.

(6) Iemand deur die Sekretaris daartoe gemagtig, hou behoorlike notule van die verrigtinge van die appèltribunaal.

(7) Die beslissing van die meerderheid van die lede van die appèltribunaal is die beslissing van die appèltribunaal.

(8) Die Sekretaris stel die appellant skriftelik in kennis van die uitslag van sy appèl.

Kennisgewing aan appellant of getuies om voor 'n mediese appèlraad te verskyn

8. (1) Die Sekretaris kan, in die geval van 'n appèl in artikel 14 (1) (a) van die Wet bedoel, 'n appellant of enige persoon wat oor inligting beskik wat op 'n appèl betrekking het, kennis gee om voor 'n bepaalde mediese appèlraad te verskyn om getuienis af te lê of om enige boek, aantekening of dokument wat op die appèl betrekking het, aan bedoelde mediese appèlraad voor te lê.

(2) 'n Kennisgewing in subregulasie (1) bedoel, geskied in die vorm deur die Sekretaris bepaal, en sodanige kennisgewing word aan die appellant of getuie, na gelang

as the case may be, by addressing it to the appellant or witness, as the case may be, to the last known address of such appellant or witness.

Payment of subsistence, transport and other allowances to members and volunteers

9. (1) The Secretary may, out of moneys appropriated by Parliament for the purpose, pay subsistence or transport allowances to—

(a) any person who has to appear before a medical practitioner in connection with the determination of his pensionable disability;

(b) any person who, on request of the Secretary, has to appear before a medical appeal board in connection with the consideration of his appeal,

and who for this purpose has necessarily to be absent from his home or ordinary place of residence for a period of longer than 24 hours.

(2) If in the opinion of the Secretary it is necessary for a person referred to in subregulation (1) to be accompanied by an attendant, the Secretary may pay the subsistence and transport expenses of such attendant.

(3) A subsistence allowance referred to in subregulation (1) shall be payable—

(a) in the case of a person referred to in category A or B, at the rate of R4 for every day of 24 hours and 17c for every completed hour over 24 hours;

(b) in the case of a person referred to in category C or D, at the rate of R2 for every day of 24 hours and 8c for every completed hour over 24 hours;

(c) in the case of a person referred to in category E or F, at the rate of R1 for every day of 24 hours and 4c for every completed hour over 24 hours,

calculated as from the time of departure of the person concerned from his home or place of residence up to and including the time of arrival at his home or place of residence.

(4) (a) Any person referred to in subregulation (1) shall use public transport where possible, but the Secretary may in his discretion give approval to such person to use private motor transport.

(b) If the Secretary approves the use of private motor transport by any person in terms of paragraph (a) he may compensate the person concerned to the extent of the amount which it would have cost if he had made use of public transport at the tariff applicable in the case of the State, or, in the case where public transport is not readily available, at the tariff which the Secretary deems fair and reasonable in the circumstances of the particular case.

(5) Subject to the provisions of section 12 (4) (a) of the Act, any person who is admitted to a hospital or institution in terms of section 13 (1) of the Act, shall be entitled to payment—

(a) in the case of a person referred to in category A or B, of an amount of R3 per day or part of a day;

(b) in the case of a person referred to in category C or D, of an amount of R2 per day or part of a day; or

(c) in the case of a person referred to in category E or F, of an amount of R1,50 per day or part of a day,

in respect of the period during which he so remains in such hospital or institution, or, if he as a result of his pensionable disability on the recommendation of a medical practitioner receives treatment at home, in respect of the period during which he, in the discretion of the Secretary, is unable to work as a result of such pensionable disability.

van die geval, versend deur dit aan die appellant of getuie, na gelang van die geval, te adresseer aan die jongste bekende adres van sodanige appellant of getuie.

Betaling van reis- en verblyf- en ander toelaes aan lede en vrywilligers

9. (1) Die Sekretaris kan uit gelde wat die Parlement vir die doel bewillig, 'n reis- en verblyfstoelae betaal aan—

(a) enige persoon wat voor 'n geneesheer moet verskyn in verband met die vasstelling van sy pensioengewende ongeskiktheid;

(b) enige persoon wat op versoek van die Sekretaris voor 'n mediese appèlraad moet verskyn in verband met die oorweging van sy appèl,

en wat vir dié doel noodwendig van sy tuiste of gewone woonplek vir 'n tydperk van langer as 24 uur afwesig moet wees.

(2) Indien dit na die oordeel van die Sekretaris noodsaaklik is dat 'n persoon bedoel in subregulasie (1) deur 'n oppasser vergesel word, kan die Sekretaris die reis- en verblyfkoeste van sodanige oppasser betaal.

(3) 'n Verblyfstoelae in subregulasie (1) bedoel, is betaalbaar—

(a) in die geval van 'n persoon in kategorie A of B bedoel, teen die koers van R4 vir iedere dag van 24 uur en 17c vir iedere voltooide uur bo 24 uur;

(b) in die geval van 'n persoon in kategorie C of D bedoel, teen die koers van R2 vir iedere dag van 24 uur en 8c vir iedere voltooide uur bo 24 uur;

(c) in die geval van 'n persoon in kategorie E of F bedoel, teen die koers van R1 vir iedere dag van 24 uur en 4c vir iedere voltooide uur bo 24 uur,

bereken vanaf die tyd van die betrokke persoon se vertrek van sy tuiste of woonplek tot en met die tyd wat hy weer by sy tuiste of woonplek aankom.

(4) (a) 'n Persoon bedoel in subregulasie (1), moet waar doenlik van openbare vervoer gebruik maak, maar die Sekretaris kan na goëddunke goedkeuring aan sodanige persoon verleen om van privaatmotorvervoer gebruik te maak.

(b) Indien die Sekretaris ingevolge paragraaf (a) goedkeuring aan iemand verleen om van privaatmotorvervoer gebruik te maak, kan hy die betrokke persoon die bedrag vergoed wat dit sou gekos het as hy van openbare vervoer gebruik gemaak het teen die tarief wat in die geval van die Staat van toepassing is of, in die geval waar openbare vervoer nie gereedelik beskikbaar is nie, teen die tarief wat die Sekretaris in die omstandighede van die bepaalde geval redelik en billik ag.

(5) Behoudens die bepalings van artikel 12 (4) (a) van die Wet, is iemand wat ingevolge artikel 13 (1) van die Wet in 'n hospitaal of inrigting opgeneem word, geregtig op betaling—

(a) in die geval van 'n persoon in kategorie A of B bedoel, van 'n bedrag van R3 per dag of gedeelte van 'n dag;

(b) in die geval van 'n persoon in kategorie C of D bedoel, van 'n bedrag van R2 per dag of gedeelte van 'n dag; of

(c) in die geval van 'n persoon in kategorie E of F bedoel, van 'n bedrag van R1,50 per dag of gedeelte van 'n dag,

ten opsigte van die tydperk wat hy aldus in sodanige hospitaal of inrigting verkeer, of, indien hy as gevolg van sy pensioengewende ongeskiktheid op aanbeveling van 'n geneesheer behandeling tuis ontvang, ten opsigte van die tydperk wat hy weens sodanige pensioengewende ongeskiktheid, na die oordeel van die Sekretaris, nie in staat is om te werk nie.

(6) For the purposes of this regulation, any reference to a person referred to in a specified category shall be construed as a reference to a person referred to in a corresponding category defined in paragraph (f) of Government Notice 1229 of 16 July 1976.

Persons who undergo medical treatment

10. The Secretary may grant a member or a volunteer written authority to receive medical treatment for his pensionable disability at State expense.

Defraying of funeral expenses

11. (1) If a member or a volunteer dies as a result of his pensionable disability or a condition relating thereto, the Secretary may authorise the payment of the funeral expenses of such member or volunteer at the tariff determined by the State Tender Board, established by section 2 of the State Tender Board Act, 1968 (Act 86 of 1968).

(2) If a member or a volunteer dies while he is undergoing authorised medical treatment for his pensionable disability in a hospital or institution, the mortal remains of such member or volunteer may, on request of his next-of-kin, be transported at State expense to any place in the Republic in the manner determined by the Secretary.

Application of regulations in South-West Africa

12. The provisions of these regulations shall also apply in the Territory of South-West Africa, including the Eastern Caprivi Zipfel.

(6) By die toepassing van hierdie regulasie, word 'n verwysing na 'n persoon in 'n bepaalde kategorie bedoel, uitgelê as 'n verwysing na 'n persoon bedoel in 'n dien-ooreenstemmende kategorie omskryf in paragraaf (f) van Goewermentskennisgewing 1229 van 16 Julie 1976.

Persone wat geneeskundige behandeling ondergaan

10. Die Sekretaris kan aan 'n lid of vrywilliger skriftelike magtiging verleen om op staatskoste geneeskundige behandeling vir sy pensioengewende ongeskiktheid te ontvang.

Bestryding van begrafniskoste

11. (1) Indien 'n lid of vrywilliger as gevolg van sy pensioengewende ongeskiktheid of 'n toestand wat daarmee verband hou, sterf, kan die Sekretaris magtiging verleen dat die begrafniskoste van bedoelde lid of vrywilliger betaal word teen die tarief bepaal deur die Staatstenderraad ingestel by artikel 2 van die Wet op die Staatstenderraad, 1968 (Wet 86 van 1968).

(2) Indien 'n lid of vrywilliger sterf terwyl hy gemagtigde behandeling vir sy pensioengewende ongeskiktheid in 'n hospitaal of inrigting ondergaan, kan die oorskot van sodanige lid of vrywilliger op versoek van sy naasbestaendes op staatskoste na enige plek in die Republiek vervoer word op die wyse wat die Sekretaris bepaal.

Toepassing van regulasies in Suidwes-Afrika

12. Die bepalings van hierdie regulasies is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika, met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel.

AGROCHEMOPHYSICA

This publication is a continuation of the South African Journal of Agricultural Science Vol. 1 to 11, 1958-1968 and deals with Biochemistry, Biometry, Soil Science, Agricultural Engineering, Agricultural Meteorology and Analysis Techniques. Four parts of the journal are published annually.

Contributions of scientific merit on agricultural research are invited for publication in this journal. Directions for the preparation of such contributions are obtainable from the Director, Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, to whom all communications in connection with the journal should be addressed.

The journal is obtainable from the above-mentioned address at 50 cents per copy or R2 per annum, post free (foreign 60 cents per copy or R2,40 per annum).

AGROCHEMOPHYSICA

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenskap Jaargang 1 tot 11, 1958-1968 en bevat artikels oor Biochemie, Biometrika, Grondkunde, Landbou-ingenieurswese, Landbouweerkunde en Ontleedings tegnieke. Vier dele van die tydskrif word per jaar gepubliseer.

Verdienstelike landboukundige bydraes van oorspronklike wetenskaplike navorsing word vir plasing in hierdie tydskrif verwelkom. Voorskrifte vir die opstel van sulke bydraes is verkrygbaar van die Direkteur, Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Die tydskrif is verkrygbaar van bogenoemde adres teen 50 sent per eksemplaar of R2 per jaar, posvry (buitelands 60 sent per eksemplaar of R2,40 per jaar).

Buy National Savings Certificates
Koop Nasionale Spaarsertifikate

MILITARIA

Militaria is a military-historical journal published quarterly by the Documentation Service of the South African Defence Force.

This illustrated journal contains articles on subjects as:

The Anglo Boer War and early South African military history.

South Africa's participation in the two World Wars.

Unit histories.

The growth and development of the South African Defence Force.

Source publication and book reviews of important military publications are included in most issues.

To date 23 editions of *Militaria* have been published.

Current copies of *Militaria* may be obtained from The Government Printer, Private Bag X85, Pretoria, 0001, at R1 (overseas R1,25) per copy. Copies of most back editions are still available.

MILITARIA

Militaria is 'n militêr-historiese tydskrif wat deur die Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Weermag op 'n kwartaalbasis uitgegee word.

Hierdie geïllustreerde tydskrif bevat artikels oor o.a.:

Die Anglo-Boereoorlog en vroeëre Suid-Afrikaanse militêre geskiedenis.

Suid-Afrikaanse deelname aan beide Wêreldoorloë.

Eenheidsgeskiedenis.

Die groei en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Bronnepublikasies en besprekings van militêr belangrike boeke word in die meeste nommers ingesluit.

Daar het reeds 23 uitgawes van *Militaria* verskyn.

Huidige nommers van *Militaria* kan by Die Staatsdrukker, Privaatsak X85, Pretoria, 0001, teen R1 (buitelands R1,25) per eksemplaar gekoop word. Die meerderheid vorige nommers is nog beskikbaar.

CONTENTS			INHOUD		
No.	Page Gazette No. No.		No.	Bladsy No.	Staats- koerant No.
Social Welfare and Pensions, Department of Government Notice			Volkswelsyn en Pensioene, Departement van Goewermentskennisgewing		
R.1801. Act 84 of 1976: Military Pensions Act ...	1	5304	R.1801. Wet 84 van 1976: Wet op Militêre Pen- sioene	1	5304